Geliefde Lourensrivierder

More is dit Hemelvaart en ons kantoor sal gesluit wees, daarom kry jy sommer 'n mondvol vervroegte Donderdag Nuuskrummels😊
Hemelvaart..... Dis die begin van ons Pinkstertyd, die herinnering aan 'n Verlosser wat die dood oorwin het, opgestaan het en wat opgevaar het om aan die regterhand van Sy Vader (ONS Vader) te gaan sit om 24/7 (dis nou in menslike tyd) vir ons in te tree.

Die hemelvaart gee vir ons hoop: Hand 1:9-11
Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en 'n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien nie. Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die hemel kyk, het daar skielik twee mans in wit klere by hulle gestaan. Dié sê toe vir hulle: "Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het"

Wat 'n wonderlike vooruitsig!!! As jy nog nie die fliek "Risen" gesien het wat laasjaar in die cines was nie, neem asb die DVD uit... Hier is 'n skakel na die lokprent: https://www.youtube.com/watch?v=OcTVLfn5i8g

NUUSKRUMMELS: 25 MEI 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

DINAMIET KIEDZ: KINDERPINKSTER

Kom bou saam met ons en "Bob die Bouer" aan Nehemia se muur. Kom asb met jou pajamas, kussing en kombers😊

GEBEDSTAP: 4 JUNIE

Ons kom met tekkies kerk toe. Kies een van 2 stap roetes.

- Nooi die Heilige Gees om saam met jou te stap – om jou voete en woorde te lei.
- Vra die Here om mense en huise te beskerm teen aanvalle van die vyand.
- Bid vir 'Revival in die Strand' en mense wat terug draai na God.



WEES JY DIE VERSKIL!!!

Navrae:
Joubert van Tonder @ 0829492045

MAAK 'N KNOOP.....

BOBOTIE & GEELRYS KUIER:

ONTHOU groooooot asseblief van die heerlike **AANSIT-ETE** op 23 Junie 2017. Ons wil dit 'n gesellige saamkuier maak met heerlike Bobotie en Geelrys met groente asook smaaklike poeding vir slegs R50-00.
Pak asb 'n mandjie met julle eie bord, poedingbakkie, eetgerei, glas en drinkgoed. Om die aand verder op te vrolik, wil ons prettige vermaak en verrassings ook optower.

Kontak asseblief die kerkkantoor (021 853 5991) vir kaartjies.
Indien jy nie die kaartjies kan kom afhaal nie, maak ons alternatiewe reëlings. Help ons asseblief om 'n sukses van die aand te maak!!! **KAARTJIES sal beskikbaar wees tot 15 JUNIE @ 12h00**

PINKSTERTEMA: HUWELIKE EN VERHOUDINGS

Vanaf Sondagaand, 28 Mei - 4 Junie, hou ons 'n spesiale Pinkster Reeks in die gemeente, wat gelei word deur Dr Francois Hanekom.

Die tema is "My houding in my verhoudings."

Indien jy in enige verhouding staan - met jou huweliksmaat, jou vriend of vriendin, jou kinders, jou ouers, jou vriende, jou werkgewers of werknemers - dit beteken elkeen van ons, dan is hierdie tema net vir jou.

Maak nou reeds 'n aantekening om elke aand van 28 Mei tot 1 Junie om 19:00 asook Sondag, 4 Junie om 09:00 in die kerk te wees om te kom leer om te bou aan jou verhoudings.

Navrae: Willem & Annalie Botes (0836582154)

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

ONS WIL NET GRAAG ONS DRIE BELANGRIKSTE DATUMS VAN 2017 AAN U DEURGEE.

3 Junie :	Basaar Huis PAM Brink
28 Julie :	Snoekbraai Huis Esperanza
30 September :	Basaar Huis Esperanza

Badisa

Baie dankie en groete.
Me Riana Mulder: Sen Sekretaresse:Huis Esperanza (Tel: 021 854 7393)

SOETERUS MINI MARK!!!
7 JUNIE 2017: 14h00 – 15H00

PIZZA SKYWE @ R12
SLAP TJIPS @ R15
TUISGEBAKTE BRODE @ R20
2de HANDSE KLERE
ETE VAN DIE DAG @ R45 (etes kan tot 18h00 afgehaal word)

BESPREEK ASB VOORAF BY ONTVANGS

Vir enige navrae en besprekings, kontak Marietjie Vivier (ontvangsdame) by 021 853 7423

Insake Amos straatmark 03 Junie 2017 in Strand op sypaadjie onder die Spur.

JB Wessels
Amos Bediening Leierskap Spanlid
Amos agrimin Kaap
Web: www.amosafrica.net
Epos: jb.wessels@amosafrica.net
Selfoon: +27(0)83 233 4533
Faks: +27(0)86 756 4986

Dit is die laaste mark vir die jaar. Hierdie mark word deur Citrusdal gekoördineer.
Petro Rossouw 022 9212169 of JB Wessels 0832334533 is die kontakpersone.

Groete in Christus

Ds. JB Wessels Amos Kaap bediening koördineerder

BERG 80 VERJAARSDAE: JUNIE 2017

Eksteen	Joan	06/02	96
Van Zyl	Pritchard	06/03	84
Van Eeden	Jannie	06/06	83
Briers	Nonnie	06/10	84
Huysamen	Caty	06/10	85
Koch	Cynthia	06/11	80
Lambrechts	Amos	06/12	82
Schoeman	Elbie	06/17	80
Minnie	Lila	06/18	82
Fouche	HF	06/20	89
Dreyer	Renee	06/21	81
Lighthart	Martie	06/21	86

KNIEWERK:

- Ons bid vir buite seisoenale reën, vir SA en volkome toewyding aan Jesus Christus, ons Here. Dankie Heer vir die reën wat U reeds gestuur het!
- Kankerbehandeling: Paul Louw & Retha van der Westhuizen & Owen Wallis & Amanda Vosloo; Sannie le Roux; Annette Laten
- Innige meegevoel met Adele Burger en gesin met die heengaan van haar pa
- Jan Volschenk vir genesing
- Carel Smit in Spescare
- Tilla Stemmet in hospitaal
- Monica Lambrechts (HJS) in hospitaal
- Anna vd Westhuizen (HJS) in hospitaal

TERUGVOERING/GEBEDSVERHORING:

Ons wil baie graag ook weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb op hoogte.

FOKUSTEKS VAN WEEK: JOH 17:1-11

SEWENDE WEEK IN PAASTYD:

Hierdie gebed is Jesus laaste aardse gebed en lering vir die dissipels, wat hulle gehoor het (hulle het mos geslaap toe Hy in Getsemane gebid het). Hierna sal Hy as Hoëpriester in die hemel bid vir sy dissipels (ons) as Voorspraak. (1 Joh. 2:1) Hy leef daar vir altyd om vir ons in te tree – Heb. 7:25; Hy pleit daar vir ons [nes die Gees in ons harte, as die ander Voorspraak] waar Hy sit aan die regterhand van God – Rom. 8:34).

Met ander woorde..... Hy laat ons NOOIT alleen nie..... Kari Jobe sing: I Am Not Alone - https://www.youtube.com/watch?v=Ow4OfW4DP9s

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE